OESSKATTING

Mielies nóg minder, sojas steek 1 miljoen ton verby

Slegte nuus oor die mielie-oes word in 'n mate verlig deur die goeie opbrengs van sojabone ten spyte van 'n droogte.

DIE mielies is minder, maar die sojabone heelwat meer as wat aanvanklik verwag is, wys die jongste amptelike skatting van Suid-Afrika se somer-oeste.

Die Nasionale Oesskattingskomitee het sy witmielie-skatting met amper 2% (82 000 ton) verlaag, maar die sojaboon-skatting met amper 7% (65 250 ton) verhoog.

Dít beteken vanjaar se sojaboon-oes kan, die kwaai droogte ten spyt, wel vir die eerste keer nog die vlak van 1 miljoen ton verbysteek. Die komitee skat die nasionale oes behoort 1,008 miljoen ton te wees.

Die totale mielie-oesskatting, geel inkluis, is verlaag met 0,86% (84 750 ton), wat ietwat meer is as wat die mark verwag het. Verhandelaars se gemiddelde verwagting in 'n vooraf-opname deur die nuusdiens Bloomberg was dat die totale oes met sowat 0,6% verlaag behoort te word.

LEWERING STEL TELEUR

Die mark het reeds in die week voor die jongste oesskatting begin reageer op aanduidings dat daar nog minder mielies geoes word as wat aanvanklik verwag is. Dit was grootliks in reaksie op die weeklikse produsentelewerings, wat uiters teleurstellend was.

Volgens die SA Graaninligtingdiens (Sagis) se statistieke was die jongste weeklikse lewerings net meer as 669 000 ton, wat 21% laer as die vorige week s'n was, en 'n volle 42% laer as in die ooreenstemmende week 'n jaar gelede, sê mnr. Wandile Sihlobo, ekonoom van Graan SA.

Teen Maandag 29 Junie, die dag voordat die skatting bekend gemaak is, het plaaslike witmieliepryse vir die derde dag agtereenvolgens bo R3 000 per ton verhandel.

Die Safex-kontrak vir lewering teen 15 Julie was R60 per ton duurder as die voorafgaande markdag.

Dié momentum het ook na geelmielieprys oorgespoel. Teen Maandag het die geelmielie-prys vir lewering op 15 Julie op net onder R2 700 per ton gesluit, wat R66 per ton hoër as die vorige markdag was.

SOMERGEWASSE MINDER

Die nasionale mielie-oes gaan waarskynlik die kleinste in agt jaar wees. In 2007 was die oes 6,62 miljoen ton. Verlede jaar se oes was 14,25 miljoen ton.

Die Oesskattingkomitee het sy ramings van al die ander somergewasse ook verlaag, buiten van sonneblomsaad, wat onveranderd op 612 400 ton gelaat is.

Die verwagte grondbone-oes is met amper 6% verlaag, die sorghum-oes met amper 9% en die droëbone-oes met sowat 3%.

– MARLEEN SMITH